DIE TERUGKEER VAN DIE GNOSTISISME

Eric Kayayan

Vertaal uit die Frans deur Lydia van Eeden

INLEIDING: OORSPRONG VAN DIE GNOSTISISME

Fassinasie met die Ooste

Ex oriente lux: die lig kom uit die Ooste. Hierdie uitdrukking, wat gewild was by die alchemiste en teosowe gedurende die Renaissance, is ‘n goeie illustrasie van die fassinasie wat die Oosterse mistisisme op die Westerse mentaliteit uitoefen.[1] Hierdie fassinasie is grootliks verantwoordelik vir die ontstaan van die gnostiese beweging in sowel sy antieke as moderne vorm. In hierdie artikel sal gepoog word om die band tussen dié twee strominge oop te lê aan die hand van mensbeskoulike, filosofiese en teologiese opvattings wat hulle in gemeen hê, onder andere ten opsigte van hulle ontlenings aan die Christelike godsdiens.

Die genoemde fassinassie was reeds aanwesig in die sesde eeu voor Christus, in die teogonieë wat opgestel is onder die invloed van die Orfiese leerstellinge (afgelei van die mitiese figuur Orfeus van wie hulle voorgegee het om hulle feite te kry). Hierdie teogonieë, of mitiese verhale oor die geboorte van die gode, verskil heelwat van dié van Hesiodus, wat die godehemel van die Griekse mitologie in die agste eeu voor Christus georganiseer en geklassifiseer het. Die Orfiese teogonieë, wat eintlik nie baie gewild was nie, het te veel Asiatiese elemente bevat om as Grieks beskou te kon word. Tog bring hulle klem op filosofiese en wetenskaplike kwessies, hul subtiliteit, asook die groot getal abstraksies, mee dat hierdie teogonieë eerder as metafisiese sisteme as mitologieë gesien moet word.[2] Soos deur verskeie spesialiste opgeteken, het ons in die geval van Orfisme, wat aanhou ontwikkel het tot aan die begin van die Christelike era, te doen met een van die oorspronge van die antieke Gnostisisme.[3] Die spekulatiewe aard van die Orfiese teogonieë, gebaseer op kennis wat bestem is vir ‘n groep ingewydes, sou ‘n bepalende eienskap van die Gnostisisme in sy verskeie vorme word.

Die mite van Dionysus

Die mite van Dionysus, in sy verskillende weergawes, sou van groot eksistensiële belang word as die ander voedingsbron van die Gnostisisme. Dionysus is oorspronklik die landelike god van wyn en, by die Oosterlinge, ook van orgiastiese ekstase. Die Franse filosfoof, Jean Brun, skryf soos volg in sy werk “Die terugkeer van Dionysus:”

> Die dronkenskap van Dionysus poog (…) om aan die liggaam van ‘n ieder en ‘n elk die mag te verleen om rond te swerf buite die raamwerk van die hier en die nou wat aan ons

[1] David, bl. 74
[2] Guirand, bl. 90.
[3] Rudolph, bl. 286.

toegeskryf is; dit is die rede waarom, binne die Dionysus-kultus, duiseligheid so ‘n belangrike rol speel: hiermee word gepoog om iemand van homself los te maak wanneer hy homself oorgee aan die warrelwinde wat hom verswelg in ‘n oseaan van onbeperkte sensasie waar al die sinestesieë ter sprake kom. Dionysus beloof die uitbreiding van die self tot aan die wêreldgrense en gee voor om die beklemmende lyflike tronk waarvan elke mense ‘n gevangene is, te vernietig deur hom die ekstase van ‘n ewige lewe te laat smaak. So word Dionysus, meester van die tyd en die ruimte, die evangelis van ‘n kosmiese sensasie.[4]

Later sou hy die hoof word van die Orfiese godehemel en die terugkeer van die dood na die lewe simboliseer, en met sy vertrek, die ewige lewe, soos Plutarkus getuig.[5] Dit is die moeite werd om ‘n bietjie tyd te bestee aan die mees uitgebreide vorm van hierdie mite: Dionysus-Zagreus is die seun van Zeus en Demeter. Die Titane, wat die stormagtige kragte van die natuur simboliseer, het hom ter dood veroordeel op aandag van Juno, wat jaloers was op Demeter, en sy liggaamsdele in ‘n kookpot gegooi. Die godin Pallas-Athena het egter daarin geslaag om die nog kloppende hart van die slagoffer uit te haal en dit dadelik na Zeus geneem, wat die Titane met weerlig getref het en Dionysus uit die kloppende hart geskep het. Die liggaamsdele van Zagreus is aan die voet van die Parnassusberg begrawe en Zagreus het ‘n god van die onderwêreld geword waar hy die siele van die dooies verwelkom en hulle met hul suiweringsproses help. Met hierdie laat weergawe van die Dionysus-mite kom ‘n dualisme na vore tussen die verhewe deel van die menslike wese (die hart, wat Zeus gebruik om Dionysus te laat herlewe) en die ondergeskikte deel (bestem vir die doderyk). Wat die Dionysus-mite so interessant maak in sy Orfiese weergawe, is die onderliggende mensbeskouing, wat ons nader bring aan die Gnostisisme: wanneer, aan die begin van die gode se lewens, Dionysus deur die Titane doodgemaak word, val daar deeltjies van sy goddelikheid op menslike liggame, sodat die menslike liggaam opgeroep word tot die gevangenisskap van die siel (by uitstek ‘n Platoniese gedagte). In hierdie lyflike tronk moet die siel die siklusse van die tyd deurstaan. Alleenlik die ingewydes, wat op ‘n regverdige wyse lewe en ‘n vegetariese dieet volg, vind hulle heil, terwyl die goddeloses verdoem is tot ‘n ewige sielsverhuising en helse straf.[6]

Alexander die Grote en die vergoddeliking van die monarg

In die vierde eeu voor Christus het Alexander die Persiese ryk verower en die oewers van die Indus en die Syr Daria bereik, nie ver van die huidige grense van Sjina nie. Sodoende het die godsdiens van die Perse die Westerse sfeer binnegedring, hoewel Alexander self skynbaar meer geïnteresseerd was in sy eie vergoddeliking as koning van ‘n ryk wat van die Mediterreense oewers tot by die gemelde gebiede gestrek het.[7] Hierdie vergoddeliking van die heerser was ‘n tipiese Oosterse idee wat ver verwyder was van die Hellenistiese kultuur en sou gou teenkanting ondervind, al in Alexander se tyd, in die geledere van sy troepe en in Masedonië, maar sou tog later weer in Rome self opduik en die uitdrukking van die ryk se politieke eenheid word. Meer nog, dit sou die politieke uitdrukking word van ‘n opwaartse mistiese

[4] BL. 18
[5] Guirand, bl. 160.
[6] Rudolph, bl. 286.
[7] Jonas, bl. 3.

beweging waardeur die mens voorgee om ‘n goddelike status aan te neem deur sy eie handelinge en denke. Die keiserkultus, oorgedra deur die despotiese Oosterse tradisie, het op ‘n manier ‘n kulturele en politieke raamwerk gevorm waarbinne ander vorme van opwaartse mistisisme, soos die Gnostisisme, kon ontwikkel.

Die misterie godsdienste

Gedurende dieselfde periode het die misterie godsdienste, wat vanaf die eerste eeu voor Christus binne die Romeinse ryk gefloreer het, hierdie fassinasie met die Ooste hernieu: die kultus van Isis of van Mithra, laasgenoemde deur die Romeinse legioene in Europa ingevoer. Daar is (indirekte) bande tussen die Mithraïsme en die Indiese Vedas. Daar is boonop twee ooreenkomste tussen die Mithraïsme en die Persiese Mazdeïsme (in sy Zoroastriaanse vorm): eerstens ‘n ywerige begeerte na morele suiwerheid, wat deur ‘n aggressiewe houding onderhou word, oftewel die houding van ‘n geloofsoldaat (van daar die sukses van hierdie Oosterse godsdiens binne die geledere van die Romeinse legioene); asook ‘n aanbidding van die lig, waarvolgens die son beskou is as die enigste element wat nooit oorwin is nie, wat gelei het tot die uitdrukking *sol invictus,* wat in die vierde eeu deur Keiser Julianus die Afvallige oorgeneem is. Julianus, wat ‘n navolger van die Mithra-kultus was, het homself laat doop in die bloed van ‘n bul wat bo-oor hom keel afgesny is, nog ‘n oorblyfsel van die antieke Persiese godsdiens. Volgens die Persiese mitologie was die eerste man, Gayomart en die primitiewe bul Gosh, die eerste kreature van wie alle lewe afstam. Hierdie mens/dier paar was skynbaar ‘n oorblyfsel van nog ouer gelowe waarvolgens alles die resultaat was van die offerande van ‘n slagoffer deur ‘n oorspronklike offeraar.

Dit alles bied nogtans nie aan ons die sleutel tot die ontstaan van die antieke Gnostisisme nie, ‘n amorfe groepering van strominge wat moeilik te bepaal was, as gevolge van die veelvuldige fasette daarvan. Boonop moet ‘n mens onderskei tussen die Joodse wortels en die Hellenistiese oorsprong van die Gnostisisme, want dit het twee verskillende takke van hierdie antieke godsdiens tot gevolg gehad. Daar was die ontnugtering van die Grieks-Romeinse wêreld ten opsigte van hul tradisionele godsdiens, wat vir hulle uitgediend voorgekom het en nie meer aan die aspirasies van die mans en vroue, wat deel was van die Griekse kultuur, voldoen het nie.[8] Die filosofiese vrae wat voortgespruit het uit Plato se dialoë, die kontak van die heidense wêreld met die Judaïsme (en later die Christendom), asook die Oosterse godsdienste, sou die basis vorm van hierdie teosofiese konkoksie wat Gnostisisme genoem is, vanaf die Griekse woord ‘gnosis’, oftewel ‘kennis’. In hierdie verband beskryf Hans Jonas die ontstaan van Gnostisisme gedurende die eerste eeue voor Christus as die ontmoetingspunt van die antieke Oosterse godsdienste met die rasionele kultuur van die Westerse Hellenisme.[9] ‘n Aanvanklike vorm van Gnostisisme het skynbaar sy weg

[8] LaSor & Renwick, bl. 484.
[9] Jonas, bl. 23.

gevind tot in die eerste Christelike gemeenskappe, soos bewys word deur die waarskuwings wat ‘n mens in verskeie briewe van die Nuwe Testament vind (die brief van Paulus aan die Kolossense, die eerste brief van Paulus aan Timoteus, waar die woord ‘gnosis’ verskyn in die uitdrukking ‘valse kennis’ – *pseudônumou gnôseôs* -, die eerste brief van Johannes, miskien ook die brief aan die Hebreërs.) [10]

Die Joodse wortels van die Gnostisisme

Die Joodse tak van die Gnostisisme (waarskynlik die beweging waarteen die skrywers van die Nuwe Testament gereageer het) kan toegeskryf word aan Philo van Aleksandrië, die sentrale figuur van Judaïsme in die eerste eeu van ons era, wat in sy kommentaar op die Ou Testament die Bybelse verhale op ‘n allegoriese, dog geforseerde, wyse interpreteer. Philo, ‘n groot bewonderaar van Plato, wou die denke van laasgenoemde met die Judaïsme versoen. Dit is die rede waarom hy die eerste Neo-Platonikus genoem is. Hy het egter verskeie begrippe, wat aan die Ooste ontleen is, in Plato se denke ingebring. So kon ‘n mens in die antieke tyd beweer dat ‘óf Plato philoniseer, óf Philo platoniseer.’[11] Philo het baie duidelik onderskei tussen God en die materiële wêreld. Volgens hom kan God nie ‘n direkte invloed op die materiêle wêreld uitoefen nie, hy doen dit deur die bemiddeling van agente, die Joodse engele of die heidense duiwels. Vir hom is die Skepping ‘n geleidelike proses waarin die grondstof gevorm is en dit is tydens hierdie proses dat die Bose verskyn het (‘n sentrale tema in die Gnostiese denke). Die siel, vasgevang in die liggaam, het ‘n vorige lewe geken. Ten einde sy redding te bewerkstellig, moet die mensdom dus die slawerny van hierdie gevangenisskap verbreek en homself deur middel van ‘n soort ekstase tot ‘n direkte visie van God verhef.[12]

Die Gnostiese geskrifte

Vanaf die tweede eeu is daar ‘n vermenigvuldiging van geskrifte van ‘n Gnostiese aard, veral apokriewe evangelies, soos die Evangelie van Thomas, wat vandag baie gewild is, waarvan die Koptiese teks deel uitmaak van die dokumente wat in 1945 by Nag-Hammadi in Bo-Egipte gevind is en wat na die vierde eeu terugdateer. Die oorspronklike Griekse weergawe van die Evangelie van Thomas gaan ongeveer terug na die jaar 140 en is waarskynlik

---

[10] Adolphe von Harnack en ná hom Duitse teoloë afkomstig uit die “Hoë Kritiek”, tot met Bultmann en sy dissipels, het aangeneem dat die Gnostiese leerstellinge reeds gevorm was toe die Evangelies geskryf is. Die primitiewe Christendom sou heelwat aan die Gnostisisme verskuldig wees. Die Gnostisisme sou “’n verskerpte Hellenistiese vorm van die Christendom” wees (Jonas bl. 36). Vir Bultmann sou die die Evangelie volgens Johannes (wat hy terugdateer na die eerste helfte van die tweede eeu) Gnosties wees. Hierdie hipotese berus op ‘n dubbele dateringsfout, wat sedertdien aangetoon is: te laat wat betref die Evangelie van Johannes en te vroeg wat betref die vorming van Gnostiese leerstellinge. Dit is interessant om daarop te let dat Elaine Pagels in die Evangelie van Johannes ‘n reaksie sien teen ‘n Gnostiese Thomasiaanse tradisie. Hierdie interpretasie berus op ‘n ewe fragiele chronologiese raamwerk: sy dateer Johannes terug na die einde van die eerste eeu en formuleer die hipotese van ‘n Thomasiaanse tradisie (miskien selfs van ‘n geskrewe bron van die Evangelie van Thomas) alleenlik op haar anti-Thomasiaanse interpretasie – dus anti-Gnosties – van Johannes. Time Magazine, bl. 46-47.

[11] Yonge, bl. xix.

[12] LaSor & Renwick, bl. 485. Von Harnack, in sy Geskiedenis van die Dogma, skryf die volgende oor die Gnostiese idees en wat hulle voorafgegaan het (aangehaal deur Van Til, Christianity in Conflict, 1, bl. 53): ‘All these are ideas for which we find the way prepared in the philosophy of the time, anticipated by Philo, and represented in Neoplatonism as the great final result of Greek philosophy.’

geskryf in Edessa, die huidige stad Urfa in suidoos-Turkye[13]. Tussen die 52 werke van die Nag-Hammadi-biblioteek is daar die Evangelie van die Waarheid, wat toegeskryf word aan Valentyn, stigter van een van die belangrikste skole van Gnostiese denke. Barnstone som in sy inleiding tot hierdie Gnostiese evangelie die boodskap soos volg op:

> Volgens die Valentynse teorie word die sonde van die wêreld, ons foute, ons gees vasgevang in onkunde, die skadu's en die grondstof, alles direk deur God voortgebring, die God van die Jode en die Christene. Maar redding is steeds moontlik binne elke persoon. Deur middel van verligting en kennis (gnosis) kan die redding individuele siele bereik. Elke "kosmiese gebeurtenis" van selfkennis beïnvloed die hele heelal en dra by om genade na die wêreld te bring en om die skade wat deur God aangerig is, te verminder.[14]

Irenaeus, vader van die tweede-eeuse kerk, is die skrywer van 'n werk getiteld 'Adversus haereses' (Teen die Afvalliges), wat teen die Gnostici gerig is. Hierdie werk is 'n baie belangrike bron vir ons kennis van die antieke Gnostisisme en die juistheid van die besonderhede wat deur Irenaeus oor die Gnostiese leerstellinge verskaf word, is deur hedendaagse navorsing bevestig. Só som hy op kragtige wyse die Valentynse denke op: "Kennis is die redding van die innerlike mens." (I, 21, 4). Die Evangelie van Filippus, wat oor die algemeen Valentyns van aard is, is waarskynlik in Sirië opgestel in die tweede helfte van die derde eeu. Dit bevat 'n reeks woorde oor die etiek en die sakramente, asook metafore en esoteriese argumente.[15] Vir Mani, gebore in Persië in die jaar 216 en vader van die Manigeër-sekte waarvan Augustinus in sy jeugjare 'n lid was,[16] is die wêreld 'n teater waar die Goeie en die Bose mekaar konfronteer. Aangesien die wêreld 'n skepping van die Bose is, moet mense meewerk tot die vernietiging daarvan deur hulle van voortplanting te weerhou. Mani het in Jesus die geopenbaarde Lig gesien, wat die mens in staat sou stel om die lig binne homself te bevry, terwyl die heelal in 'n reusagtige vuur sou verdwyn.[17]

Die belangrikste leerstellinge van die antieke Gnostisisme

Die lys van Gnostiese geskrifte is lank en, in plaas van om 'n oorsig hieroor te gee, gaan ons eerder poog om die belangrikste aspekte van die Gnostiese leer voor te hou ten spyte van die diversiteit en selfs heteroklitiese aard van hierdie geskrifte soos opgeteken deur al die moderne navorsers. Ek gaan hier konsentreer op die Gnostiese geskrifte wat op een of ander manier verband hou met die Judaïsme en Christelike denke, en gaan dus doelbewus die heidense Gnostiese tradisie eenkant laat, soos die trilogie "Die trismegistiese Hermes", asook die werk van Plotinus, die grootste denker van die laat heidense antieke tyd, wie se denke op sekere wyses by die Gnostiese

---

[13] The Gnostic Bible, bl. 44

[14] The Other Bible, bl. 286.

[15] Borchert, bl. 445; The Other Bible, bl. 87.

[16] Les Confessions, V, xi, bl. 102: "Hulle het beweer dat die Nuwe Testament vervals is deur ek-weet-nie-watter-bedrieërs nie, wat die wet van die Jode op die Christelike geloof wou geënt het. Hulle kon nie self enige eksemplaar sonder veranderinge wys nie." Vgl. ook V, xiv, bl.104-105.

[17] Brun, 1988(2), bl. 86.

stroming aansluit, al staan hy baie krities daarteenoor, veral in ‘n werk wat spesifiek getiteld is “Teen die Gnostici”.[18]

- Die redding bestaan in ‘n soort spekulatiewe kennis, wat beperk is tot ‘n intellektuele elite van ingewydes, wyses en filosowe. Hierdie kennis is ontoeganklik vir die massas. Die verborge kennis word aan die ingewydes in die Gnostiese geskrifte geopenbaar, soos die begin van die Evangelie van Thomas bewys: ‘Hier is die verborge woorde wat Jesus die Lewendige gespreek het en wat deur Didimus Judas Thomas neergeskryf is. En hy het gesê: “Hy wat daarin slaag om hierdie woorde te interpreteer, sal nie sterwe nie”.’ In dié geval sou ‘n mens van ‘verlossing alleen deur hermeneutiek’ kon praat.

- Kennis word bo geloof gestel en die belangrikste vraag is nie die besonder eksistensiële vraag ‘Wat moet ek doen om van my sondes verlos te word?’ nie, maar eerder die volgende, wat op ‘n spekulatiewe wyse benader word: ‘Wat is die oorsprong van die bose? Hoe kan die primitiewe orde van die heelal herstel word?’[19]

- Daar is ‘n baie sterk dualisme tussen die stoflike en die geestelike by die Gnostici. Die stoflike is inherent boos en die bron van alle kwaad. ‘n Mens moet daarop let dat hierdie sterk afwysing van die kosmos nóg by die Platonici, nóg by die Zoroastriaanse denke voorkom.[20] In hoofsaak handel Plotinus se kritiek teen die Gnostisisme om hierdie geringskatting van die wêreld.

- As die stoflike boos is, beteken dit dat die skepping van die heelal ook ‘n slegte daad is en dat dit aan ‘n inferieure vorm van die godheid toegeskryf moet word, genaamd die demiurg, wat die Gnostici identifiseer met Jahweh, die god van die Ou Testament, wat herdoop is tot Jaldabaoth of Jao. Dit het gelei tot die uitskakeling van die hele Ou Testament in die Bybelse kanon wat in die tweede eeu deur die Christelike Gnostikus Marcion opgestel is. In die Gnostiese werk ‘Die Hipostase van die Archonte’ (dit is, ‘Die realiteit van die owerhede’) laster Jaldabaoth selfs die godheid. Hy is God se vyand. Jaldabaoth kom weer voor in ‘n soortgelyke werk, wat waarskynlik teen die einde van die derde eeu in Aleksandrië geskryf is en waaraan die titel “Van die oorsprong van die wêreld” gegee is. Dit is ‘n opsomming van al die Gnostiese idees en bring elemente van Joodse denke, Manigeese motiewe, Christelike begrippe, Griekse filosofiese en mitologiese konsepte, astrologiese en magiese temas, asook Egiptiese tradisies, bymekaar.[21] In die Ofitiese Diagramme, ‘n ander Gnostiese teks wat deur Origenes gemeld is, lees ‘n mens: ‘Die archon van die sogenaamde Archontieke is die vervloekte god van die Jode, wat reën en donderweer voortbring. Hy is die demiurg van hierdie wêreld, die

[18] *Id,* bl. 30; Rudolph, bl. 61.
[19] LaSor & Renwick, bl. 486.
[20] Rudolph, bl. 60.
[21] The Other Bible, bl. 62.

God van Moses wat in die skeppingsverhaal beskryf word.'[22] 'n Mens kan gevolglik nie verder verwyderd wees van die skeppingsverhaal in Genesis 1:31 nie, waar daar gesê word: 'God het toe gekyk na alles wat hy gemaak het en gevind dat dit baie goed was.'[23]

- Die allerhoogste God het nie 'n persoonlikheid nie en bly heeltemal onkenbaar. Hy is 'die onpeilbare afgrond'. Tog word sy perfeksie en volheid (die Pleroma) na ander sfere uitgestraal. Hierdie geestelike sfere, engele of eone is georganiseer binne 'n hiërargie, beginnende met die mees spirituele (die naaste aan die allerhoogste God) tot by die demiurg, die geringste spirituele element, wat die stoflike en die mensdom, met ander woorde die domein van die bose, skep. Die eone wat hulleself aan die toppunt van die spirituele hiërargie bevind, kan aanbid word, soos byvoorbeeld die eon van die waarheid.[24] Die eerste hoofstuk van Die Geheime Boek van Johannes, belangrike Gnostiese teogonie, heet: 'Van Sofia, moeder van die monsteragtige Skepper Jaldabaoth Jahweh'.[25] Sofia is soms die direkte uitstraling van die allerhoogste God (sy maak deel uit van die Pleroma) en ander kere die moeder van 'n ander Sofia wat die demiurg voortgebring het.

- Die allerhoogste God kan homself net bekend maak deur selfbeperking van sy kant, aangesien hy geen kontak met die stoflike kan hê nie. Sy magte of eienskappe (die Pleroma), wat vooraf versteek is in die onpeilbare afgrond, evolueer buite homself en word die beginsels van alle verborge lewensontwikkeling; dit vind plaas deur middel van opeenvolgende uitstralings wat heeltemal wegbeweeg van God se suiwerheid, totdat hulle die domein van die stoflike bereik.

- Die bose is vir die Gnostici die materiële of lyflike omslag waarin die goddelike ligdeeltjies aanvanklik geval het (onthou die Dionysus-mite in sy Orfiese vorm). Die bose is dus nie 'n etiese oortreding van 'n goddelike gebod nie, soos in Genesis 3 aangetoon nie, maar 'n onologiese toestand. Waar die sondeval in die Bybel 'n radikale en morele verval is wat met hierdie oortreding verband hou, is die Gnostiese sondeval een van goddelike deeltjies in die gevangenis van die stoflike menslike liggaam. Verlossing bestaan dus uit die bevryding van hierdie slegte lyflike omslag en opstyging na die Pleroma-god. Asketisme kenmerk dikwels die Gnostiese lewenstyl, omdat die liggaam nie na waarde geskat word nie. Sekere Gnostiese sektes was egter bekend vir hulle seksuele sedeloosheid, 'n ander vorm van waardevermindering van die menslike liggaam, wat volgens hierdie groepe in elk geval nie bestem is om gered te word nie. Vir Markus, hoof van 'n Gnostiese sekte in die tweede eeu, is seks buite die huwelik 'n vorm van geestelike bewuswording. Markus het sekere vroue oorgehaal om profete te word deur middel van seksuele

[22] Ibid., bl. 665.
[23] Augustinus, Les Confessions, XIII, xxviii, bl. 344: "U het alles gesien, o my God, alles wat U geskep het, en U het U werke uitstekend gevind. Ons sien dit ook en dit lyk vir ons uitstekend."
[24] Latourette, bl. 339, Lasor & Renwick, bl. 488.
[25] The Other Bible, bl. 53.

verhoudings wat hy met hulle gehad het. Aan die ander kant, volgens die kerkvader Hippolitus, het die Naasene-sekte ‘n vorm van kastrasie beoefen.

- Die verhaal van die Tuin van Eden word soos volg verdraai: die boom van die kennis van goed en kwaad word die voertuig van kennis (*gnosis*) wat deur die goddelike Pleroma-ryk bepaal is. Aan die ander kant word die boom van die lewe die voertuig van slawerny en van afhanklikheid, soos bepaal deur die ryk van die demiurg. Die goddelike boodskapper van die Pleroma (die slang) het die vrou aangemoedig om van die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad te eet, en sy het die man hieroor ingelig. Terwyl hy die vrugte eet, ontdek die mens dat die jaloerse demiurg nie die oppergod is nie, maar ‘n vyand van God. Hy is ‘n jaloerse god, want hy het agtergekom dat hy nie die enigste god is nie. Die demiurg werp die mens in ‘n aardse liggaam en terselfdertyd in ‘n slaap van vergetelheid, wat die Pleroma-ryk dwing om ‘n proses van geestelike ontwaking deur die goddelike boodskapper te inisieer.[26] In ‘n omkeer van Genesis word die slang die onderwyser, die denker, simbool van wysheid. Die sekte van die Naasene en dié van die Ofiete (van die Hebreeuse woord ‘nahas’ en van die Griekse woord ‘ophis’ wat albei ‘slang’ beteken) het die slang aanbid. Sommige het in hierdie aanbidding ‘n fassinasie gesien met slangagtige, golwende bewegings wat herinner aan die ewige sirkelbeweging van die heelal en die kosmiese krag wat hierdie beweging aan die gang sit.[27] Watookal die geval mag wees, is daar tussen Genesis en die Gnostiese stroming heeltemaal uiteenlopende konnotasies aan die slang geheg. Ná die slang, is Eva ook as leerkrag aanbid, die inisieerder van ‘n kennis wat tot redding strek.

- Met die dood laat die Gnostici, wat die ontwaking meegemaak het, sterflike oorblyfsels agter en styg op deur die planeteryk soos deur ‘n vaevuur, todat hulle die perke van die bose bereik en die drumpel van die ewige ryk oorsteek. Hierdie reis is nodig in die sin dat die planete, eone wat aan die demiurg ondergeskik is, agente van hom was om die mense van die lig in die graf van die liggaam toe te sluit.[28]

- Daar is 3 kategorieë mense: die *pneumatikoi* (geestelikes), die *psychikoi* (psigiese soort) en die *sarkikoi* (vleeslike, materiële soort). Die eerste groep beskik oor die ligdeeltjies en moet net gewek word om hulle roeping te erf, die tweede groep is op ‘n effens laer geestelike vlak en moet vir hulle verlossing werk, watter vorm laasgenoemde ook mag aanneem. Die psigiese groep is dikwels deur die Gnostici gelykgestel aan die nie-Gnostiese Christene. Dit is vir hulle moontlik

[26] Borchert, bl. 446.

[27] Jones, bl. 37. Cooper (bl. 147) skryf die volgende oor die simbool van die slang in antieke kosmologieë: ‘The serpent which is visible is only a temporary manifestation of the causal, a-temporal Great invisible Spirit, master of all natual forces and the vital spirit or principle. It is the god found in early cosmogonies which, later, gave way to more psychological and spiritual interpretations.’

[28] Volgens Basilides is daar ‘n reeks van 365 wêrelde waarvan die laaste een – ook die mees afvallige – ons s’n is (Huisman, 1, bl. 224).

om hulle redding deur morele dade te verkry, waarvan die *pneumatikoi* vrygeskeld is, omdat hulle oor die goddelike ligdeeltjies beskik. Die laaste klas van die vleeslikes bestaan uit al diegene wat geen kans het om gered te word nie en wat gedoem is tot vernietiging. 'n Uiters deterministiese siening kenmerk duidelik die gnostiese mensbeskouing.[29]

- Vir die Gnostici is die seksuele verskille tussen man en vrou deel van die slegte skepping. Oorspronklik is alle lewe androgien of hermafrodities, selfs in die wêreld van die eone. In die werk 'Oor die oorsprong van die wêreld', verskyn sewe androgiene wesens te midde van die Chaos. Elkeen het 'n manlike en 'n vroulike naam.[30] In die werk 'Trimorphic Protennoia' (geskryf ongeveer 200 na Christus) verklaar die persoon wat haarself reg aan die begin voorstel as 'Protennoia, die denke wat in die lig bly' soos volg:

  > Ek is androgien. Ek is terselfdertyd moeder en vader, want ek kopuleer met myself. Ek kopuleer met myself en met diegene wat my liefhet en dit is alleenlik deur my dat Alles stewig in plek bly. Ek is die ingewande wat aan die Alles vorm gee deur lig voort te bring wat glorieryk brand. Ek is die eon wat moet kom. Ek is die vervulling van die Alles, met ander woorde Meirothea, die glorie van die Moeder. Ek projekteer die Geluid van die Stem in die ore van diegene wat my ken. En ek nooi julle uit na die verheugde, perfekte Lig.[31]

- Die verlossing geskied deur die afskaffing van seksuele verskille op aarde. So lees ons in die Evangelie van Thomas (logia 27):

  > Jesus het vir hulle gesê: 'Wanneer julle van die twee wesens een maak en julle die binnekant maak soos die buitekant en die buitekant soos die binnekant en die hoogte soos die onderste gedeeltes! En as julle die manlike en die vroulike een maak, sodat die manlike nie meer manlik is nie en die vroulike nie meer vroulik nie (…) dan betree julle die ryk![32]

  Die laaste van die logia van die Evangelie van Thomas is nog meer eksplisiet in hierdie verband:

  > Simon Petrus het vir hulle gesê: 'Laat Maria ons verlaat, want vroue is die lewe nie waardig nie!' – Jesus het gesê: 'Kyk, ek sal haar na my toe aantrek om haar in 'n man te verander sodat sy ook 'n lewendige gees soos julle mans kan word! Want elke vrou wat in 'n man verander sal die ryk van die hemele betree.'[33]

---

[29] Borchert, bl. 446.

[30] Borchert, bl. 446.

[31] The Other Bible, bl. 589.

[32] Quéré, p. 169-170.

[33] Quéré, bl. 182 – 183. Dit is treffend om te sien dat daar 'n ooreenstemmende mensbeskouing in sekere takke van die Boeddhisme bestaan: in Birma is daar vroueklooster wat 'n streng asketisme beoefen om die vroue voor te berei op 'n volgende reïnkarnasiesiklus waar hulle in die superieure menslike vorm van die man sal herleef. Hulle sal dan sekere heilige plekke mag betree. Intussen moet hulle Boeddhistiese monnikke bedien, aangesien manlikheid as baie heilig beskou word. Aan die ander kant kan 'n man wat sy vrou sleg behandel dalk in die vorm van 'n vrou na die volgende lewe terugkeer. ('The Forgotten Daughters of Buddhah', Marie Claire, Jul 2002, bl. 17-23.)

Soos Jones opmerk[34] kom dit neer op ‘n weiering van die seksualiteit soos wat dit in die eerste twee hoofstukke van Genesis voorgestel word. Aangesien Jaldabaoth, die gekke en slegte demiurg, skynbaar van ‘n androgiene staat verander het in ‘n man en omdat die oppergod androgien is, moet die Gnostici androginie opsoek. Volgens die kerkvader Hippolitus het die sekte van die Naasene geglo dat die oorspronklike Adam ‘n hermafrodiet was. Die Naasene het hulle verlaat op die woorde van Paulus in sy brief aan die Galasiërs (3.28): *“Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man of vrou nie, want julle almal is een in Jesus Christus.”* Die soteriologiese konteks waarbinne Paulus hierdie verklaring maak word natuurlik nie deur die Gnostici in ag geneem nie, maar dit word heeltemal duidelik indien ‘n mens die gedeelte lees wat vers 28 onmiddellik voorafgaan: ‘Want julle is almal seuns van God deur die geloof in Jesus Christus: julle almal wat in Christus gedoop is, julle het Christus aangeneem.’ Aan die een kant word die Gnostiese androginie duidelik uit die feit dat die vroulike in die manlike geabsorbeer word, soos in die Evangelie van Thomas, maar aan die ander kant vermaan Sofia (die Wysheid en ander verhewe vorm van die godheid), vir die demiurg, die inferieure manlike eon, wie se moeder sy boonop is.

- Vir die Gnostisisme, wat binne die Christelike kerk van die tweede en derde eeue ontwikkel, is Jesus Christus een van die superieure eone, die goddelike Boodskapper, die een wat die ligdeeltjies wat in die geestelike wesens *(pneumatikoi)* geval het, kom opwek. In sy hoedanigheid as ‘n superieure eon kan hy nie ‘n vleeslike gestalte aanneem nie, want indien dit sou gebeur, sou hy deel word van die bose stoflike en sou hy nie die rol van verlosser kon speel nie. In die Nuwe Testament vind ons reeds ‘n waarskuwing teen ‘n primitiewe vorm van hierdie leer, aan die begin van die vierde hoofstuk van Johannes se eerste brief:

  > Geliefdes, moenie enigeeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is. Hieraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is (‘in sarki”. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van Gopd afkomstig is nie. Hy het die gees van die Antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is.

- Sekere Gnostici het geglo dat die goddelike Christus, die superieure eon, op die mens Jesus neergedaal het tydens sy doop deur Johannes die Doper en dat hy hom net voor die kruisiging verlaat het. Volgens hierdie siening is Christus en Jesus eintlik twee verskillende entiteite, die een geestelik en die ander een stoflik, menslik. Ander het gemeen dat Jesus ‘n goddelike liggaam, en nie ‘n vleeslike een nie, gehad het. Nog ander het geleer dat die menslike Jesus net ‘n spook was en dat, hoewel hy van sy geboorte tot dood menslik aan ander voorgekom het, hy dit nie regtig was nie.[35] Die liggaamlike verskyning van die

[34] bl. 32-33.

[35] Yamauchi, bl. 417; Latourette, bl. 339.

goddelike Boodskapper is net ‘n instrument in diens van die doel wat deur die Pleroma nagestreef word. Dit is belangrik om daarop te let dat in die Bybelse kanon, wat deur die Christelike Gnostikus Marcion opgestel is, die enigste van die vier tradisionele evangelies wat behou is, die Evangelie volgens Lukas, ontdaan is van alle elemente wat Jesus aan die geskiedenis van sy era verbind.[36] Van al die kanonieke evangelies is die een van Lukas die rykste in chronologiese, biografiese en historiese besonderhede. Hierdie elemente is vir Marcion onwenslik, omdat hulle die geskiedkundige aard en liggaamlike werklikheid van die persoon Jesus ondersteun. Volgens die Egiptiese Gnostikus Basilides, wat rondom 130 n.C dood is, kon Jesus nie regtig aan die kruis gely het nie.[37] Hier word die sentrale leerstelling van die Dosetisme gevolg. Wat Jesus se opstanding betref, was dit ook nie liggaamlik nie. Jesus, bevry van die liggaamlike omslag, het hierna die mag gehad om die geestelike mense uit hulle slaap van vergetelheid te wek. Hierdie dosetiese en gnostiese element vind ‘n mens in die Koran terug, waarvolgens dit nie Jesus is wat gekruisig is nie, maar ‘n ander man wat hom vervang het.[38]

- ‘n Laaste aspek moet genoem word, naamlike die inisiasie-element wat Gnostisisme kenmerk. In die Zostrianos (afgelei van die naam van die Persiese wyse Zoroaster) word meditasietegnieke voorgeskryf ten einde ‘die chaos van die gees’ te verminder. Zostrianos moet ‘n reeks dope ondergaan, wat op ‘n inisiasie neerkom. Die progressie van hierdie fases is ‘n progressie in geestelike kennis.[39] In ‘n ander geskrif, die Toespraak oor die Agste en die Negende, word nege kennisvlakke geopenbaar waardeur ‘n mens moet gaan om met die perfekte en onsigbare God te kan kommunikeer. ‘n Meester lei daarna die dissipel in ‘n gebedsang saamgestel uit klinkers en woorde sonder betekenis. Daarna volg ‘n toestand van ekstase en ‘n visioen van die goddelike, danksy die bemiddeling van die meester. Aan die einde van die Toespraak beveel die meester die dissipel om sy ervarings in ‘n boek op te skryf ten einde ander te lei, wat sodoende stap vir stap sal vorder en die weg van onsterflikheid sal betree.[40] In die Evangelie van Thomas is die ingewydes bestem om Christusse te word. Dit is die betekenis van die tweelinggeboorte van Thomas “Didimus” (met ander woorde “tweeling”) aan wie die verborge woorde van Jesus Christus geopenbaar is. Wat Jesus betref, het hy deur allerlei inisiasiefases in sy jeug gegaan wat nie in die evangelies van die Nuwe Testament beskryf word nie. Dit het, vanaf die tweede eeu, aanleiding gegee tot die groei in kinderevangelies, wat hierdie tydperk van Jesus se lewe

[36] LaSor & Renwick, p 490. Marcion se keuse van die Evangelie volgens Lukas berus op die feit dat sy outeur nie Joods was nie, en dus, volgens Marcion, verder verwyder was van die Ou Testament as die ander evangelieskrywers. Die geldigheid van hierdie motivering kan egter bevraagteken word as ‘n mens sien hoeveel belang Lukas aan die Jerusalem-tempel heg, waar sy evangelie begin en eindig.

[37] Basilides is ook die outeur van ‘n evangelie, waarvan slegs ‘n fragment oorgebly het. Hy het beweer dat hy ‘n geheime tradisie geken het wat tot Mattias en Petrus teruggegaan het (Huisman, bl. 224).

[38] Soera 4, vers 157.

[39] Rudolph, bl. 188-189.

[40] 38 Jones, bl. 33-34.

vul met allerhande inisiasiegebeure wat die Gnostiese leerstellings regverdig.

Interne logika van die Gnostiese denke

Laat ons nou poog, al mag dit onvolledig wees, om die geestelike logika te bepaal wat, ten spyte van al die verskille, die Gnostiese leerstellinge oorheers: aangesien die bose ontologies ‘n inherente deel van die skepping uitmaak en nie ‘n menslike oortreding van ‘n etiese aard is wat binne ‘n persoonlike verhouding met God begaan is nie, moet die bose aan die Skepper toegeskryf word. Maar as dit die geval is, kan hierdie Skepper nie die goeie, perfekte oppergod wees nie. Daar moet gevolglik ‘n ander oppergod gevind word, wat ver verwyder van die Skepper is. Daar moet egter ‘n band bestaan tussen die superieure vorm van die godheid en die inferieure vorm van die demiurg-skepper, aangesien laasgenoemde ook oor goddelike magte beskik. Die opeenvolgende uitstralings van die eone (deur ‘n generasieproses) en die geleidelike verlies aan volmaaktheid wat hierdie generasie meebring, is veronderstel om hierdie verhouding te beskryf. Die uitstralings impliseer ‘n vorm van verval wat verband hou met die generasie van inferieure eone. Alle vorms van generasie kan dus net na die onderkant van die spektrum lei en is boos (van hier etlike Gnostici se weiering om voort te plant). Dit is die dieper betekenis van die Val, wat reeds as sulks voorgestel word in die mite van die val van die goddelike deeltjies. Wat die oppergod betref, is dit noodsaaklik dat hy onkenbaar is, want as ‘n mens hom sou ken, sou ‘n mens in staat wees om in hom die wortel of oorsprong van die geleidelik groeiende onvolmaaktheid in die uitstralingsproses buite die Pleroma te kon bepaal.

Dit wil voorkom of die oorsprong van hierdie teologie setel aan die een kant in die verwerping van die veranderlike en die tydelike toestand; aan die ander kant in die soeke na die ewige, onveranderlike Wese, die enigste draer van Waarheid. Ons vind hier na alle waarskynlikheid die ander Hellenistiese wortel van die Gnostisisme, nie meer deur die Orfiese mites nie, maar hierdie keer deur middel van die pre-Sokratiese filosowe Anaximandros en Parmenides. Vir Anaximandros, verduidelik Jean Brun in ‘L’Europe Philosophe’, is eksistensie ‘n verlies, ‘n wegdoen met ‘n primitiewe bron.[41] Eksistensie (*ex-istence*) is ‘n uitkoms van die oorspronklike, onveranderlike Wese. Met geboorte word ‘n goddelose daad begaan, omdat dit neerkom op ‘n losmaking van die primitiewe eenheid.

> Die bestaan wat uit die Wese voortspruit doen dus boete met die verloop van tyd, die Veelvoudige kom voort uit die Val in individuele vorm. (…) So verstaan ‘n mens dat die beginsel van dinge vir Anaximandros die apeiron is, die ongedefinieerde, die ongedifferensieerde wat nie die beperkings van die individu verdra nie. Dit is hoekom Anaximandros die onbepaalde as goddelik bestempel het, onsterflik, onverganklik; die onbepaalde is die oorsprong vanwaar al die individue kom wat bannelingskap opgesoek het en waarheen hulle terugkeer met hulle dood.

[41] 1988(1) bl. 28-30.

‘n Mens kan nie ‘n idee vind wat nader is aan die superieure eon van die Gnostici nie. Wat Parmenides betref, beskou hy die Wese as onverdeelbaar, sonder tekortkominge, nie-gegenereer nie en onverganklik; die Wese ignoreer dus verstrooiing, tyd en ruimte; die veelvoud, beweging en die wording behoort aan die Nie-Wese en is dus onverstaanbaar. Etienne Gilson beskryf dit soos volg in sy werk “Die Wese en die Essensie:[42]

> (…) die wese kan gedefinieer word as identies aan homself en onversoenbaar met verandering. Vanaf die oorsprong lei die ontologie van “dit wat is” dus tot die negering van beweging wat, omdat dit die identiteit van die wese weerspreek, van meet af aan uitgesluit is as onwerklik en ook ondenkbaar. Hieruit spruit voort dat die wêreld van die sintuiglike ervaring, met al die ewigdurende veranderinge wat in hierdie teater afspeel, uitgesluit moet word uit die orde van die wese en herlei moet word na die verskynselwêreld (…) of uitgesluit moet word uit die orde van ware kennis en herlei word tot die wêreld van die opinie. In eenvoudige taal vertaal, hierdie gevolgtrekking kom daarop neer dat die wese alles weier wat gebore word en sterf, wat veroorsaak of veroorsaak word, wat word en verander, met ander woorde alles wat aanvanklik kon lyk of dit oor ‘n empiries bevestigde bestaan beskik.

Hierdie weiering van Parmenides om dit wat bestaan (binne tyd en die sintuiglike wêreld) as behorende tot die Wese te beskou, is myns insiens ‘n essensiële bron van die gnostiese a-kosmisme, wat poog om aan die toevallighede van die tydelike, die geskiedenis en die stoflike te ontsnap, nie om tot die Nie-Wese te lei nie, maar juis om van die stadium van die veranderlike syn, na dié van die Wese te lei. Die aardse lewe as deurgang verander dan van rigting, soos voorgeskryf deur ‘n inisiasiebeweging: van ‘n ellendige toestand wat verband hou met verandering, en die aardse bestaan ontneem van die stabiliteit waaroor die Wese beskik, beweeg die aardse lewe in die rigting van progressiewe toe-eiening van hierdie Wese en keer terug na die oorspronklike staat waarvan dit wegbeweeg het. Ten einde die Gnostiese denke te verstaan, moet ‘n mens begryp dat daar aan die basis van dit alles ‘n ontologiese kontinuïteit bestaan tussen God en alle dinge of kreature, ‘n kontinuïteit wat met ‘n stygende beweging oorgesteek moet word ten einde dit binne die Pleroma te vervang en sodoende die oorspronklike verlore eenheid terug te vind. Dit is op hierdie punt dat die fundamentele verskil tussen die Gnostiese denke en die Christelike teologie inkom: te wete aan die een kant die radikale onderskeid tussen die wese van God en die wese van sy skepsel en aan die ander kant, soos beklemtoon deur Van Til, die *creatio ex nihilo*, skepping van die materiële heelal, nie uit ‘n reeds bestaande stof nie, maar uit niks.[43]

Die skemer van antieke Gnostisisme

In die vyfde eeu na Jesus Christus blyk dit dat Gnostisisme nie meer in die Mediterreense wêreld bestaan het nie, ten minste nie as ‘n goed gevestigde godsdienstige stroming nie. Die Gnostiese geskrifte is wel bewaar en was steeds in omloop (sekere geskrifte tot in die 8ste eeu), maar as betekenisvolle stroming binne die Christendom is die Gnostisisme oorwin deur die geskrifte van die kerkvaders. Hierdie heterodokse stroming, soos die Arianisme of die

[42] Bl. 26-27.
[43] Christianity in Conflict, vol 1, bl. 48.

Montanisme, het die apostoliese kerk gedwing om die Christelike dogma te definieer (veral die Christologie) en om die laat evangelies of openbaringe uit te sluit van openbare voorlesing tydens kerkdienste. Aan die einde van die vierde eeu (Carthago-konsilium 397) het konsensus oor die Nuwe Testament-kanon na vore gekom.

Dit moet egter uitgewys word dat die verdwyning van Gnostisisme as 'n gevestigde godsdienstige stroming in die vyfde eeu nie die einde van alle Gnostiese denke beteken nie. Dit word in die Weste aangetref in verskillende vorme tydens die eeue wat ons van die antieke periode skei. Hier is enkele belangrike fases:

- Die Bulgaarse Bogomiles teen die einde van die elfde eeu, wat 'n tipiese Gnostiese posisie inneem wat die Ou Testament betref en die skepping van die wêreld aan Satan toeskryf.
- Die Albigeois of Kathare in Frankryk gedurende dieselfde periode (hulle was reeds in 1017 in Orléans bekend). Hulle het 'n baie streng asketisme beoefen en die huwelik en seksualiteit verwerp.
- Jacob Boehme, Duitse skoenmaker-teosoof wat aan die einde van die sestiende eeu en begin van die sewentiende eeu geleef het en wie se mistiese bepeinsings moeilik is om te verstaan. Vir hom is die Afgrond God, bestempel as die *Ungrund*. In sy werk 'Oor die Mens se Drievoudige Lewe' skryf hy:

  > God is self die wese der wesens en ons is soos gode in hom, waardeur hy verskyn. "Julle het nie nodig om te sê: waar is God nie? Luister, blinde mense, julle lewe in God en God is in julle, en as julle heilig lewe, word julleself God. Waar julle ookal mag kyk, daar is God.[44]

- Die digterlike beweging van die Simbolisme in Frankryk in die negentiende eeu en spesifiek Gérard de Nerval en Charles Baudelaire, word deur verskeie denkers beskou as sterk beïnvloed deur Gnostiese idees.[45] Die idee van 'n siel wat reeds bestaan en van reïnkarnasie (soos in "Die vroeëre lewe" van Baudelaire) en van die inisiasiepad deur onverkende sfere ("El Desdichado" van De Nerval) motiveer waarskynlik só 'n oordeel.
- Aan die einde van die negentiende eeu het 'n klompie meesters Gnostisisme in ere herstel in die vorm van esoteriese okkultisme: Allan Kardec en die spiritisme, Eliphas Lévi en die okkultisme, Helena Blavatsky en die teosofiese gemeenskap, asook verskeie Oriëntaliste. In 1907 publiseer Levi Dowling sy 'Akwariese Evangelie van Jesus Christus' wat reeds al die temas van die *New Age* bevat. 'n Mens lees hier:

  > Jesus was nie altyd Christus nie. Hy het sy status as Christus deur 'n moeilike lewe verwerf (…) Jesus is die boodskapper wat vlees geword het om die lig aan mense te wys. Maar in die tye wat kom, sal die mens nog hoër hoogtes bereik en meer intense

[44] Brun, 1990. bl. 160.
[45] Vernette, bl. 777; Rushdoony, 2003, bl. 151.

ligte sal brand. En dan, aan die einde, sal ‘n kragtige gees na die aarde kom om die weg te verlig wat tot by die troon van die perfekte mens lei.[46]

- Carl Jung, vader van die moderne sielkunde en van die idee van ‘n kollektiewe onderbewussyn, het ‘Die Sewe Preke aan die Dooies’ geskryf, na aanleiding van ‘n psigotiese ervaring wat hy tussen 1912 en 1917 beleef het (hy het dit later as ‘geestelik’ beskryf): hy het dit onder die skuilnaam van die tweede eeuse Gnostikus Basilides geskryf. Een van die terugkerende simbole by Jung is dié van die slang, wat die bewussyn wek en nie doodgemaak moet word nie. Carl Jung se fassinasie met Gnostiese geskrifte is bekend. Die persoon wat die Kodex 1 van Nag Hammadi verkry het, het dit in 1952 aan Jung aangebied.

Laastens moet die bestaan van die Mandeërs uitgewys word, die enigste Gnostiese sekte wat tot in ons era oorleef het. Die sekte het sowat 40 000 aanhangers, wat in die suide van Irak woon, en hulle beoefen twee doopritуele: ‘n gereelde was seremonie in die naam van die Lewe en lewenskennis, gekombineer met ‘n salwing met olie en ‘n seremoniële maaltyd wat uit brood en heilige water bestaan, asook ‘n was seremonie op die doodsbed. Die figuur van Johannes die Doper, wat in ‘n legende omskep is, speel ‘n sentrale rol in die geloof van hierdie sekte, wat in die verlede bestempel is as die “Christene van die Heilige Johannes die Doper.” Die Mandeïsme kombineer op ‘n tipiese sinkretistiese wyse Bybelse elemente, ander Semitiese aspekte, laat Babiloniese bestanddele en veral astrologiese elemente en Persiese dualisme.

Die herlewing van die Gnostisisme

Sowat vyftien eeue na die skemer van die antieke Gnostisisme beroep verskeie *New Age*-ghoeroes hulle weer op hierdie Gnostiese erfenis, sommige op ‘n bedekte manier, ander sonder enige dubbelsinnigheid. Dit gaan hierdie slag nie meer oor geïsoleerde bewegings nie, maar oor ‘n ware herlewing van die Gnostisisme. Time Magazine het die voorblad van sy 22 Desember 2003-uitgawe gewy aan ‘Verlore evangelies’, en in die binneblaaie ‘n artikel gepubliseer wat oor Gnostiese tekste handel en ‘n band bewerkstellig tussen die kultusfilm ‘The Matrix’, met sy tipiese Gnostiese raamwerk en die topverkoper ‘The Da Vinci Code’ van Dan Brown. Volgens hierdie skrywer, sou heilige tekste wat geïgnoreer of tot die skadu’s verdoem is, deel uitmaak van die geheime tradisie wat Leonardo da Vinci in sekere van sy tekeninge oorgedra het.

In haar topverkoper getiteld ‘Going Within’ wat in 1989 verskyn het, het die Amerikaanse aktrise Shirley MacLaine verklaar dat daar niks nuuts in die *New Age* is nie, maar dat die antieke Gnostiese Christene opgetree het met kennis van die *New Age*. En: ‘Hierdie New Age is die periode wanneer intuïtiewe gelowe van die Ooste en die wetenskaplike denke van die Weste mekaar kan ontmoet en uiteindelik ‘n huwelik aangaan. Vir my is beide nodig en

[46] Jones, bl. 57.

wenslik.'[47] Die tydskrif Gnosis (gepubliseer tussen 1985 en 1999) stel die sekte van die Sethiërs bekend, 'n herlewing van 'n groep met dieselfde naam uit die laat antieke era. Oortuigde Neo-Gnostici soos Stephan Hoeller word aan die woord gestel. Hy skryf:[48]

> Al die geestelike tradisies erken dat die wêreld onvolmaak is; hulle onderskei hulleself van mekaar bloot deur hóé so 'n toestand ontstaan het en wat daaromtrent gedoen kan word. Die Gnostici het hulle eie beskouing hiervan. Hulle glo dat die wêreld boos is, nie weens menslike sonde nie, maar omdat dit op 'n bose manier geskep is. Die Boeddhisme (deur verskeie spesialiste beskou as die Gnostisisme van Asië) neem sy vertrekpunt van die besef dat die aardse lewe reg van die begin vol lyding is. Die Gnostici, antiek sowel as modern, stem saam met hierdie opvatting.

Verder voeg Hoeller by dat dit nie help om die fout te kultiveer nie, soos in die geval van die mite van Adam en Eva, want so 'n houding is nie 'n oplossing vir die probleem van die bose nie: 'Die boodskappers van die Lig wat deur die Gnostiese tradisie erken word, soos Jesus, Mani en ander, is nog altyd as fasiliteerders van die verlossing, gesien. Hulle reddingsmissie is om die individu se gewete in staat te stel om die gnosis te ervaar.'

J. Vernette skryf soos volg in die artikel 'Die ontwaking van Gnostisisme' in die Woordeboek van Godsdienste:[49]

> Die esoterisme en die okkulte wetenskappe geniet verbasende opgang en is besonder gewild. Parallel hiermee kom 'n verskeidenheid van groepe en skole na vore, onder uiteenlopende denominasies. Hierdie florerende bewegings kapitaliseer op 'n identiese mensbeskouing, kosmologie en teologie, wat deur Gnostiese trekke gekenmerk is (…) Elke beweging voel dat hy die bevoorregte draer van die absolute Kennis is en bied homself aan as die nuwe wêreldgodsdiens vir die nuwe era wat op pad is en wat aan die einde van hierdie millenium die einde van die Christendom sal inlui, met die beëindiging van die Era van die Visse en die begin van die Era van die Waterdraer.

In dieselfde artikel toon die skrywer ook die geneigdheid tot sinkretisme by verskeie Christene aan:

> 'n Sekere aantal Christene beskik oor dubbele lidmaatskap: Christene en Rosekruisers, getrou aan die Christendom en die spiritisme, aanhangers van die kerk en die antroposofie. Hulle behou die Christelike woordeskat oor God, Jesus, die Evangelie en die kerk. Maar hulle haal stuk vir stuk die outentieke betekenis uit om dit te vervang deur Gnostiese afbeeldings: die kosmiese energie, die Christiese gees, die 'geheime woorde van Jesus' (…), die einde van die wêreld as begin van 'n nuwe siklus, reïnkarnasie en karma. (…) Die Gnostikus van vandag, soos die een van gister, is 'n mens wat ontsteld is deur sy toestand van *homo viator* wat in die lewe gewerp is, veral wanneer die gemeenskap 'op soek is na sin'. Hy soek na die verborge weg om uit die wêreld te ontsnap, die reddende lig om aan angs te ontkom. Hierdie weë vermenigvuldig in tye van krisis vir gemeenskappe en kerke.

MacLaine skryf verder in haar boek 'Going within' (bl. 100):

> God is binne ons, dus is ons almal deeltjies van God. Aangesien daar nie skeiding is nie, is ons almal soos God en God is in elkeen van ons (…) Ons is letterlik gemaak van God se

[47] Jones, bl. 15.
[48] 1999, bl. 20.
[49] Bl. 776-777.

energie, dus kan ons skep wat ons wil in die lewe, want elkeen van ons skep saam met die energie van God – die energie wat die heelal skep.

Volgens Matthew Fox is die Skepper en persoonlike Verlosser van die Bybel fallies en sadisties. Hy moet verlaat word en vervang word deur die innerlike God.[50] Hierdie laaste voorbeeld herinner aan Jaldobaoth, die demiurg van die antieke Gnostici. Dit wat MacLaine skryf, benewens die Gnostiese idee van goddelike deeltjies in mense se binneste, illustreer 'n ander aspek van die Gnostiese dogma, naamlik die onpersoonlikheid van God, wat in almal gevind kan word sonder om ooit van die Skepping onderskei te word.

In die gewilde werk 'A Course in Miracles' sluit Helen Shucman, outeur en Amerikaanse kliniese sielkundige, aan by die Evangelie van Thomas, deur te bevestig dat ons Christus se gelykes is en perfek is in hom. In die Evangelie van Thomas sê Jesus inderdaad dat hy nie die dissipel se meester is nie, maar eerder sy tweelingbroer. In die inleiding tot haar boek beweer Shucman dat sy 'n innerlike diktee wat van Jesus afkomstig is, getranskribeer het. Ons het hier te doen met 'n hedendaagse apokriewe Gnostiese evangelie, waarvan die styl en selfs die verdeling in hoofstukke en verse 'n heilige karakter van 'n finale Openbaring aanneem. Soos in al die werke wat met die *New Age* verbind kan word, word die historiese Jesus van die kanonieke evangelies, die vleesgeworde Jesus, ontken en vervang deur 'n tydlose 'Christiese bewussyn'. Vir Shucman is die bose en die sonde 'n illusie wat ons skei van ons eie innerlike goddelikheid. Niks wat werklik is kan bedreig word nie en niks onwerkliks bestaan nie. Die parallel met *Christian Science* is heel treffend: vir hierdie sekte is stoflikheid die bose en die sonde, siekte en dood is onwerklik. Jesus van Nasaret is nie God nie. Net Christus as Beginsel van die Gees, is God. God as Beginsel is Alles in Almal; anders gestel is daar nie 'n werklikheid buite die Gees nie.

Vernette poog om die doelwit van die Neo-Gnostisisme soos volg te beskryf:[51]

Die nuwe Gnostiese godsdienste, wat hulleself tans as onmisbaar beskou, poog om die direkte en onmiddellike ervaring van die goddelike en kosmiese Bewussyn te verwerklik. Anders gestel, om aan die mens 'n innerlike hernuwende en vergoddelikende ervaring te bied, waar hy weer kan onthou en bewus word van homself, sy outentieke aard en oorsprong. Binne hierdie verligting herken hy homself in God, hy ken God, hy verskyn aan homself soos voortgebring deur God en soos 'n vreemdeling in die wêreld. Hy is van altyd af gered. Sy redding is die vrug van 'n erkenning van die self as 'n goddelike vonk, te midde van 'n innerlike soeke en het niks te make met die reddende aksie van Jesus volgens die Christendom nie.

Die ooreenkomste tussen die antieke en moderne Gnostisisme

In watter mate stem die Gnostisisme van die antieke tyd en die amorfe groepering van die New Age ooreen? Om meer presies te wees, hoe definieer hulle hulself teenoor die Christendom, waarvan hulle elemente leen en absorbeer, maar terselfdertyd radikaal verwerp? Ek is bewus van die versoeking om té maklike parallelle en geforseerde samesmeltings te skep.

[50] Jones, bl. 59.
[51] Bl. 779.

Ek sal poog om die mees opvallende gemeenskaplike trekke van die antieke en moderne Gnostisisme uit te lig.

- Albei is breë stromings, amorfe groeperings van bewegings wat grootliks van mekaar verskil, maar gefokus is op enkele idees, waarvan die belangrikste soos volg is: kennis van God is kennis van die self, wat lei tot die bewuswording van die self se goddelikheid. Hierdie bewuswording is eintlik die openbaring van ‘n vorige, vergete staat. Die stoflikheid van die wêreld, waarvan ‘n mens jou moet afsluit, het daartoe gelei dat hierdie besef in vergetelheid versink het. Die stoflikheid dui op ‘n beperking van die goddelike wese, terwyl die gemeenskap met ‘n universele, kosmiese bewussyn belegging in allerlei psigies-intuïtiewe en selfs psigideliese ervarings noodsaak. Die betrokke kennis moet dus nie in ‘n rasionele sin verstaan word nie, want die Gnostici bejeën die domein van die eksperimentele met agterdog.[52]

- Albei strominge word gekenmerk deur ‘n sterk sinkretisme, wat hom beywer vir die vereniging van Oosterse en Westerse elemente om ‘n kultureel globale godsdiens te skep.

- Die vergeesteliking en allegorisering van die Bybelse verhale wat deur die Gnostisisme oorgeneem is, hang saam met ‘n sterk tendens om die geskiedenis en vleeswording te verwerp. Christus en Jesus is twee verskillende entiteite. Eersgenoemde (wat die tweede domineer) is van ‘n spirituele aard en die tweede suiwer voorwaardelik. Die gedagte wat hieruit voortvloei is in beide gevalle wesenlik mities en tydloos. Dit stel die vergoddeliking van die mens ten doel deur hom aan te spoor om op aarde reeds tydloos te lewe, buite die geskiedenis, tyd en lotswisselinge.

- Die onwerklikheid van Jesus Christus se lyding volgens die antieke Gnostiese strominge (hierin beïnvloed deur die Dosetisme) vind ‘n parallel in die onwerklike lyding in vele bewegings wat aan die *New Age* verbind word (soos bv. ‘A Course in Miracles’). In beide gevalle gaan dit nie daaroor om jou kruis te dra, soos Christus beveel het nie, maar om te ontken dat lyding iets anders as ‘n tydelike illusie is (net die uiteindelike werklikheid tel).

- Die begrip van sonde en die noodsaak van ‘n versoenende offer word ontken. Dit is wanneer ‘n mens die bron van die bose ontdek (lg. ‘n konsep wat van buite afgedruk word deur die demiurg of die Christelike God) dat ‘n mens daarin slaag om jouself daarvan te bevry. Alle idees oor persoonlike skuld maak deel uit van die domein van die bose. Etiek en persoonlike verantwoordelikheid is eerstens op die self gerig. Op ‘n manier is dit soos Protennoia wat eers met haarself kopuleer en daarna met diegene wat haar liefhet. Dit gaan naamlik daaroor om God in jouself te vind en nie buite jouself nie. Ken Wilber, ‘n voorstander

[52] Tresmontant, bl. 116-117.

van die verskyning van ‘n globale godsdiens wat ooreenstem met die evolusiefase waarin die mensdom hom bevind, skryf in dié verband dat verskeie *New Age* uitdrukkings selfverwerkliking beklemtoon, wat te dikwels ‘n magiese egoïsme tot gevolg het; hierdie magiese narcissisme word getransformeer in ‘n mitologie oor die transformasie van die wêreld wat skaars sy imperialistiese doelwitte wegsteek.[53]

- Die hermafroditiese antropologie van die antieke Gnostici kan vergelyk word met die hedendaagse homoseksuele aktivisme, veral in Noord-Amerika. In albei gevalle word die seksuele onderskeid en aanvullendheid beveg as ‘n hindernis op die weg na vereniging en eenheid. Hier moet ‘n mens die invloed van antieke Griekse konsepte oor seksualiteit in ag neem, veral dié van Sokrates en Plato (vir wie homoseksualiteit en meer spesifiek pedofilie die verhewe vorm van seksualiteit verteenwoordig).
- Paradoksaal gesproke gaan monisme en dualisme hand aan hand: alles is een of bestem om een te word, maar die weerstand wat teen hierdie opwaartse verenigende beweging gebied word, is die resultaat van ‘n latente dualisme waar gees en die stoflike mekaar opponeer.

Sover dit die aanhangers van die antieke en moderne vorme van Gnostisisme aangaan, is dit moeilik om te bepaal of die *New Age*-beweging meer populêr as elitisties is. Gewild gemaak deur die media, bereik dit weliswaar ‘n groter sosiale bevolkingslaag as sy voorganger. Dit is egter belangwekkend om daarop te let dat die verspreiding van die moderne Gnostisisme veral toe te skryf is aan ‘n klas van kunstenaars en intellektuele.

Ooglopende verskille tussen die antieke Gnostisisme en sy moderne oplewing

Wat verskille betref, kan ‘n mens opmerk dat die a-kosmiese aard en die identifisering van die stoflike met die bose van die antieke Gnostici skynbaar weerspreek word deur die dominante panteïsme van die *New Age*. Meer as met die metafisika van die Voor-Sokratici – al minder bekend aangesien belangstelling in klassieke studies afneem – ondergaan die *New Age* die invloed van Boeddhisme en ander Oosterse vorme van panteïsme.[54] Die hedendaagse Neo-Gnostisisme erken ook nie ‘n demiurg wat met Jahweh geassosieer word nie. Soos met die Boeddhisme, is daar nie ‘n skeppingsdaad nie, maar ‘n ewige kosmos waarbinne wesens in oorgang is volgens ‘n opwaartse beweging. Hoe dit ook al sy, het ons in die geval van die antieke Gnostisisme te doen met ‘n demonisering van

[53] ‘n Direkte invloed van die Boeddhisme op die antieke Gnostisisme kon nog nooit op ‘n oortuigende manier aangetoon word nie (LaSor & Renwick, bl. 485). Time Magazine (bl. 42) haal Elaine Pagels aan wat verwys na die grap van ‘n Zen-priester wat in die VSA gebore is: “As ek van die Evangelie van Thomas geweet het, sou dit nie vir my nodig gewees het om ‘n Boeddhis te word nie!”

[54] ‘n Direkte invloed van die Boeddhisme op die antieke Gnostisisme kon nooit oortuigend bewys word nie (LaSor & Renwick, bl. 485). Time Magazine (bl. 42) haal Elaine Pagels aan wat die grapperige opmerking van ‘n Amerikaans gebore Zen priester oordra: ‘Sou ek die Thomas Evangelie vooraf geken het, sou dit nie vir my nodig gewees het om ‘n Boeddhis te word nie!’

die natuur en in die geval van die moderne Gnostisisme met ‘n vergoddeliking van dieselfde natuur. Is die gemeenskaplike oorsaak van hierdie twee ekstreme standpunte egter nie dieselfde nie, naamlik onsekerheid oor die ontologiese verskil wat God van die voelbare werklikheid onderskei en die ooreenkoms wat hulle verenig?

Vir die Gnostici van die antieke periode is dit onmoontlik om hulle ‘n direkte skeppingsdaad van die oppergod voor te stel, gebaseer op ‘n sekere idee van wat geestelik is, en wat dit nie is nie, of minder is. Alleenlik ‘n inferieure uitstraling van die goddelikheid kan in staat wees (en skuldig wees aan) so ‘n daad. Die vraagstuk van die bose en sy oorsprong is egter nie hiermee opgelos nie, aangesien ‘n mens nie anders kan as om die bose aan ‘n goddelike vorm toe te skryf nie. Dit lei ‘n mens onvermydelik daartoe om te spekuleer ten einde te bepaal wanneer die bose (beskou as ‘n inferieure vlak van die onveranderbare Wese, dus van die geestelikheid) die goddelikheid binnegedring het. Dit is eers met die Manicheïsme, ‘n laat verskynsel van die Gnostiese stroming, dat ‘n oorspronklike, radikale skeiding tussen die domein van die goeie en die lig teenoor die domein van die bose en die skadu’s gepostuleer is.[55] Parallel hiermee bring die ontologiese kontinuïteit tussen die mens en God (wat herwin moet word deur middel van inisiasie en die innerlike soeke) ons nader aan die panteïsme van die hedendaagse Gnostisisme.

Wat laasgenoemde betref, neem hulle die panteïsme as vertrekpunt, maar met dieselfde godsdienstige veronderstelling waarvolgens God onkenbaar is, behalwe dat ‘n mens jou met die godheid kan identifiseer deur allerlei psigiese ervarings, waardeur gepoog word om van persoonlike identiteit en individuele karaktertrekke ontslae te raak. Die individu moet insmelt by die kosmos as ‘n onkenbare goddelike wese. Paradoksaal gesproke moet hy dus afleer om homself in sy eie individualiteit te ken, om in te smelt in die kosmiese Alles.[56] Sodoende is die afwaartse weg van die antieke Gnostisisme (inferieure uitstralings van die goddelikheid en val van die goddelike deeltjies in sekere menslike wesens) wat bestem is om in toenemende mate deur middel van die gnosis bestyg te word, nie fundamenteel anders as die opwaartse weg wat deur die *New Age* voorgeskryf word nie (opstyg na God na aanleiding van ‘n afdaling in die self). Die weg is dieselfde, net die rigting verskil. Dit is duidelik dat daar aan die oorsprong van die uitstralende Gnostiese teologie ‘n onopgeloste vraagstuk bestaan oor die Een en die Veelvoud in die wese van God. Die trinitariese Christelike teologie formuleer hierdie vraag deur die absolute eenheid van die goddelike essensie in die onderskeid van drie persone te bevestig, sonder dat die eenheid of diversiteit benadeel word.

---

[55] Jonas, bl. 210.

[56] Hier moet ‘n mens let op die radikale teenstelling wat die program van Johannes Calvyn se Institusie van die Christelike Godsdiens onderskei van hierdie de-personifikasie. Hierdie program, waarin dit handel om die kennis van God en van die self, word soos volg voorgestel vanaf die eerste sin van die Institusie (bl. 50): ‘Byna die volle eindtotaal van ons wysheid, wat ons as ware en grondige wysheid moet beskou, bestaan uit twee dele: dat ons deur God te ken ook onsself ken’.

Gevolgtrekking

Die oorsig van twee godsdienstige bewegings wat aan die een kant die eerste eeue van ons era kenmerk en aan die ander kant ons tydperk tipeer (met heelwat verbindinge tussen die twee), asook die gemeenskaplike trekke wat hulle saambind, lei tot 'n bevraagtekening van die godsdienstige essensie van die Gnostisisme. Dit sou 'n fout wees om te dink dat dit toevallig op sekere tye van die menslike geskiedenis verskyn het. Die Gnostisisme, wat diepgaande vrae stel oor die oorsprong van die heelal, die bose, die wese en die lotsbestemming van die mens, asook oor die wese van God en die verhouding van die mens met God, kan nie beskou word as 'n verbygaande beweging van die godsdienstige denke nie. Sy hedendaagse herlewing, te midde en ten spyte van die uitbreiding van moderne wetenskaplike kennis, bewys dat die fundamentele vrae wat hy vra en die ooreenstemming van die antwoorde wat hy bring, sentraal staan in die menslike bepeinsing oor die lewe.

'n Mens kan dus verwag dat verskeie weergawes van die Gnostisisme verskyn in vele strominge van hedendaagse denke, en ook in die era wat kom die lig sal sien. Een van hierdie weergawes, wat alreeds in ons tyd geïdentifiseer is, maar verdere studie verdien, is die liberale teologie wat uit die *Aufklärung* voortspruit en wat as vertrekpunt die *Deus absconditus* neem, die verborge en onkenbare Kantiaanse God, wat homself nóg in die Openbaring, nóg in die Vleeswording manifesteer, terwyl die persoon van Jesus geskei word van Christus. In hierdie opsig, blyk dit dat die studies van Adolph Von Harnack, Wilhelm Bossuet, Richard Reitzenstein, Rudolph Bultmann en sy dissipels, die tradisie van Christo-Gnostiese sinkretisme voortsit, hierdie keer deur die historiese samesmelting tussen die twee godsdienste (die Gnostisisme is veronderstel om die godsdienstige gietvorm van die primitiewe Christendom te wees, 'n hipotese wat intussen as anachronisties bewys is).[57] Hans Jonas het die weg vir so 'n studie aangetoon in die laaste hoofstuk van sy studie "The Gnostic Religion". Hierdie epiloog, getiteld "Gnosticism, Existentialism and Nihilism" wys op die ooreenkomste tussen hierdie drie strominge.[58] Cornelius Van Til het ook die aandag gevestig op Von Harnack se eie Gnostiese interpretasie van die vroeë kerkgeskiedenis. Hieroor skryf hy:[59]

> If we look at this interpretation of Gnosticism by Harnack we soon realize that his history of dogma is a dogma of history. Harnack has constructed the nature of the gospel according to the principle of Kant's philosophy. A brief glance into his book 'What is Christianity' shows this to be the case. The 'facts and assertions' of which he says Christianity is composed, cannot be facts and assertions about matters pertaining to the phenomenal realm. When the modern historian reads the gospels he is bound to separate the kernel from the husk. (…) Harnack's own view may well be denominated a

[57] Bultman was besonder geïnteresseerd in die gnostiese Mandeër-sekte, veral binne die konteks van sy Kommentaar op die Evangelie volgens Johannes, wat in 1941 gepubliseer is.
[58] Volgens C. Braaten (bl. 12) 'Bultmann's flight from history threw open the gate to accommodate an existentialist form of Gnosticism, as Hans Jonas made unmistakably clear.'
[59] Christianity in Conflict, 1, 54-55.

modern Gnosticism. The basic elements of historic Gnosticism are found in Harnack's Kantian view of religion. There is first the realm of the physical, the realm of necessity. This is the realm of evil. It is the realm from which man must somehow seek to escape. With respect to this realm he undertakes to show in a priori fashion that no revelation of God, no incarnation and no atonement through Christ can take place. Sin is not a breaking of the known will of God in history on the part of men. Sin is identical with the situation in which man, altogether apart from the question of responsibility, finds himself.

Hedendaagse Amerikaanse kultuur en godsdiens analistes sien Gnostisisme nie as 'n esoteriese stroom wat in die samelewing parallel aan die Christendom loop nie, maar as die kern van die godsdiens van die meerderheid Amerikaners, wat binne die Kerk ingedring het. Om hulle standpunt te motiveer, toon sodanige analistes die sentraliteit van religieuse belewenis en self-kennis aan, wat die kern van Amerikaanse godsdiens geword het. Hieroor skryf C.E. Braaten en R.W Jenson:[60]

Such excitements of the 'New Reformation' are symptoms of the gnosticism that culture critic Harold Bloom discovered as the perennial core of American religiosity. 'Gnosticism… is now, and has always been, the hidden religion of the United States, the American Religion proper.' The hallmark of this gnosticism is experiential religiosity divorced from dogma – and indeed from all concern for truth. 'The God of the American Religion is an experiential God, so radically within our own being as to become a virtual identity with what is most authentic (oldest and best) in the self.' Bloom is not a Christian, but he sees the contradiction between this religion and Christianity, and the failure of the churches, far more clearly than do many clergy and professional theologians: 'Ancient Gnosticism was an elite religion or quasi-religion; the oddity of our American Gnosis is that it is a mass phenomenon. There are tens of millions of (supposedly Christian) Americans whose obsessive idea of spiritual freedom violates the normative basis of historical Christianity, though they are incapable of realizing how little they share of what once was considered Christian doctrine.'

'n Studie oor die teologie wat uit die Aufklärung voortspruit, kan byvoorbeeld die invloed van Gnostiese tendense op die verhouding tussen die etiek wat voorgestel word en die ontologie wat die basis daarvoor vorm, aantoon.

[60] Bl. 4.

BIBLIOGRAFIE

BENOIT, A. & TARDIEU, M. 1983. La gnose au premier siècle de l'Église. (*In* Les Premiers Chrétiens, historiens et exégètes à Radio Canada, vol. 3.) Bellarmin cerf.

BIBLE, 1980. La Sainte Bible, traduite d'après les textes originaux hébreu et grec. Nouvelle Version Segond Révisée avec notes, références, glossaire et index. Paris : Alliance Biblique Universelle.

BORCHERT, G.L. 1984. Gnosticism. (*In* Evangelical Dictionary of Theology. Elwell, W.E, *ed.*) Grand Rapids, MI : Baker Books.

BRAATEN, C.E. & JENSON, R.W. eds. 1995. Either/Or. The Gospel or Neopaganism. Grand Rapids, MI : Eerdmans.

BRUN, J. 1976. Le retour de Dionysos. Paris : Les Bergers et les Mages.

BRUN, J. 1988. Le Néoplatonisme. *Que sais-je* No 2381. Paris : P.U.F.

BRUN, J. 1990. Philosophie de l'Histoire. Ls promesses du temps. Paris : Stock.

BRUN, J. 1988. L'Europe Philosophe. 25 siècles de pensée occidentale. Paris : Clefs de l'Histoire Stock.

CALVIN, J. 1957. Institution de la Religion Chrestienne, Livre Premier. Édition critique avec introduction, notes et variantes publiée par Jean-Daniel Benoit. Paris : J. Vrin.

COOPER, J.C. 1978. An illustrated Encyclopedia of Traditional Symbols. London : Thames and Hudson.

DAVID, A.-L. 2003. Le Grand Marché du Spirituel (*In* Valeurs Actuelles, 24 Oct. 2003, p. 70 – 74). Paris.

GEISLER, N.L. 1999. Baker Encyclopedia of Christian Apologetics. Baker Reference Library. Grand Rapids, MI : Baker Books.

GILSON, E. 1981. L'Etre et l'Essence. Paris : J. Vrin.

GUIRAND, F. 1990. Greek Mythology, translated by Aldington, R. & Ames, D. (*In* New Larousse Encyclopedia of Mythology, introduction by Graves, R. p. 85-167). Hamlyn : London.

HITCHCOCK, J. 2003. Fantasy Faith. On the Resurgence of Gnosticism. *(In* Touchstone, Dec. 2003, p. 14-16).

HOELLER, S.A. 1989. The Gnostic Jung and the Seven Sermons to the Dead. Theosophical Publishing House.

HOELLER, S.A. 1999. the Mystery of Iniquity (*In* Gnosis, A Journal of the Western Inner Traditions, Escondido, CA). No 50, Winter 1999 p. 19-22.

HUISMAN, D. 1984. Dictionnaire des Philosophes. Paris : Presses Universitaires de France.

JONAS, H. 1963. The Gnostic Religion. The Message of the Alien God and the Beginnings of Christianity. Boston : Beacon Press.

JONES, P. 1992. The Gnostic Empire Strikes Back. An Old Heresy for the New Age. Philipsburg, NJ : P&R Publishing.

LASOR, W. S. & RENWICK, A. M. 1982. Gnosticism (*In* The International Standard Bible Encyclopedia, vol. 2, Grand rapids, MI : Eerdmans, p. 484-490.)

MCGRATH, A.E. 1991. History of religions school*, (*In *The Blackwell encyclopedia of Modern Christian Thought,* ed. By A.E. McGrath Oxford: Blackwell publishers, p. 266-267).

MCGRATH, A.E. 1994. the MAKING of MODERN GERMAN CHRISTOLOGY 1750-1990. Grand Rapids, MI : Zondervan.

LATOURETTE, K. S. 1971. A History of The Expansion of Christianity. Vol. 1, The First Five Centuries. Grand Rapids, MI : Zondervan.

PHILO, 1993. The Works of Philo Complete and Unabridged, Translated by C.D. Yonge. Peabody, MA : Endrickson Publishers.

QUÉRÉ, F. 1983. Évangiles apocryphes. Paris : Seuil.

RUDOLPH, K. 1987. Gnosis. The Nature & History of Gnosticism. San Francisco : Harper.

RUSHDOONY, R.J. 1986. Gnosticism. Position Paper No 74. Vallecito, CA : Chalcedon.

RUSHDOONY, R.J. 2003. A study of modern thought since the Marquis de Sade. Gnosticism (p. 151-159). Vallecito, CA : Ross House Books.

SAINT AUGUSTIN, 1964. Les Confessions. Paris : Garnier Frères.

THE GNOSTIC BIBLE, 2003. Gnostic Texts of Mystical Wisdom from the Ancient and Medieval Worlds, edited by Barnstone, W. & Meyer, M. Boston & London : Shambhala.

THE OTHER BIBLE, 1984. *Ancient Alternative Scriptures.* Gnostic Gospels, Dead Sea Scrolls, Visionary wisdom Texts, Christian Apocrypha, Kabbalah. Barnstone, W. ed. San Francisco, CA : Harper.

TORRANCE, T. 1971. God and Rationality. London : Oxford University Press.

TRESMONTANT, C. 1991. Problèmes de notre temps, Chroniques. Paris : O.E.I.L.

VAN BIEMA, D. 2003. The Lost Gospels. (*In* Time Magazine, 22 Dec. 2003, p. 40-47).

VAN TIL, C. 1964. Christianity in Conflict. Syllabus for Course in History of Apologetics. Vol. I, part II. Unpublished.

VERNETTE, J. … Gnosticisme (Le réveil du). (*In* Dictionnaire des Religions, Poupard, P, *ed.)* Paris : PUF.

WILBER, K. 2000. Sex, Écology, Spirituality. The Spirit of Evolution. Boston & London : Shambala.

YAMAUCHI, E. 1974. Gnosticism. *(*In *The New International Dictionary of the Christian Church, Douglas, J. D*. ed.). Exeter : The Paternoster Press.